Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OKTOBER 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

NAGENOEG **900 BEGUNSTIGDES** ONTVANG HUL HUISE SE ***TITELAKTES***

Ter ondersteuning van 'n veldtog deur die Wes-Kaapse departement van menslike nedersettings om veral kwesbare burgers soos gestremde en bejaarde mense te bemagtig, het Munisipaliteit Overstrand oor die afgelope twee maande verskeie seremonies vanaf Pearly Beach tot in Kleinmond gehou waartydens begunstigdes die titelaktes vir hul huise ontvang het.

Volgens die Wes-Kaapse minister van menslike nedersettings, Bonginkosi Madikizela, is die oogmerk met hierdie veldtog nie net om titelsekerheid te bevorder nie, maar ook om 'n sin van eienaarskap en verantwoordelikheid by behuisingsbegunstigdes in te boesem.

Plaaslik maak die veldtog deel uit van die Overstrand geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprogram wat van stapel gestuur is om behuisingstekorte in Overstrand te verlig en om kwalifiserende begunstigdes te akkommodeer.

Vergesel van die tersaaklike wyksraadslede en die voorsitter van Overstrand se portefeulje gemeenskapsdienste, rdl. Arnie Africa, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee al die oorhandigingseremonies bygewoon. Buiten om elke ontvanger persoonlik geluk te wens met die feit dat hulle nou die wettige eienaars van hul huise is, het hy ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om begunstigdes in te lig waarom dit belangrik is om 'n testament op te stel en seker te maak dat onvervangbare dokumente soos titelaktes op 'n veilige plek bewaar word.

"Aangesien 'n huis nou in jou naam geregistreer is," het hy benadruk, "stel ek voor dat jy 'n bank of prokureur van jou keuse so gou as moontlik besoek as jy nog nie 'n testament het nie sodat die nodige dokumentasie opgestel kan word om te verseker dat hierdie waardevolle bate vir geslagte lank in jou familie sal bly.

"Hou ook in gedagte dat anders as jou ID of bankkaart, verlore titelaktes nie sommer met 'n nuwe een vervang kan word nie. Hierdie is 'n baie belangrike stukkie papier wat gebruik kan word as 'n vorm van sekuriteit waarteen jy, byvoorbeeld, aansoek kan doen vir 'n lening om jou huis op te knap of om 'n motor te finansier. Juis daarom moet jy seker maak dat jy dit veilig bewaar."

In **Stanford** was die 75-jarige Willem Koopman een van 81 begunstigdes wat die titelaktes vir hul huise in Thembelihle en Kersiedorp ontvang het tydens 'n seremonie wat op Dinsdag 14 Augustus in Stanford se gemeenskapsaal gehou is.

Op Maandag 3 September was 'n duidelik ingenome Martha Davids een van 63 begunstigdes wat die titelaktes vir hul huise in **Mount Pleasant** ontvang het tydens 'n seremonie wat in die Moffatsaal gehou is. Sy het hierdie spesiale oomblik gedeel met raadsheer Anton Coetzee, die Burgemeester, Wes-Kaapse minister van menslike nedersettings, Bonginkosi Madikizela, en uitvoerende onderburgemeester, rdl. Elnora Gillion.

Ongelukkig was tannie Sanna Fick (66) nie gesond genoeg om die oorhandigingseremonie by te woon wat op Vrydag 31 Augustus in **Gansbaai** gehou is nie. Toe besluit die Burgemeester – vergesel van rdl. Riana de Coning en behuisingsbeampte Aron Gcotyelwa – om die dokument by haar huis te gaan aflewer. Tydens die seremonie, wat in die raadsaal gehou is, het 'n verdere 45 begunstigdes die titelaktes vir hul huise in Gansbaai, De Kelders, Kleinbaai en Blompark ontvang.

In **Hawston** het 114 begunstigdes die titelaktes vir hul huise ontvang tydens 'n seremonie wat op Maandag 3 September in die Thusong-saal gehou is. Hier deel minister Bonginkosi Madikizela en Burgemeester Dudley Coetzee in die vreugde van sommige van die ontvangers.

Met rdl. Arnie Africa en die Burgemeester aan hul sy, het S Bekle en M Nkosemntu onder die sewentien huishoudings getel wat die titelaktes vir hul huise in **Eluxolweni** ontvang het tydens 'n seremonie wat op Vrydag 31 Augustus in die gemeenskapsaal gehou is.

Raadslede Fanie Krige, Simphiwe Tebele, Elnora Gillion en Grant Cohen sowel as Burgemeester Coetzee en minister Madikizela deel in die vreugde van Zumani Bhoki Kortman by ontvangs van die titelakte vir sy huis. Hy was een van 323 begunstigdes in **Kleinmond** wat die oorhandigingseremonie bygewoon het wat op Maandag 3 September in Proteadorp se gemeenskapsaal gehou is.

• *Teen druktyd was besonderhede oor die oorhandiging van 'n verdere 247 titelaktes aan begunstigdes in **Zwelihle** op Woensdag 26 September nog nie beskikbaar nie. **Maak gerus 'n draai op Overstrand se amptelike webwerf [www.overstrand.gov.za] om meer hieroor te lees.***

OPMETINGS VIR DIE INSTALLASIE VAN RIOOLNETWERKE IN GANSBAAI EN KLEINMOND

Munisipaliteit Overstrand is van voorneme om oor die volgende ses tot agt weke opmetings in Kleinmond, Gansbaai en 'n beperkte gebied van Voëlklip (naby die strandmeer in Twaalfde Straat) te doen.

Hierdie opmetings word uitgevoer as deel van die beplanningsfase met die oog op die installering van nuwe rioolnetwerke in die betrokke gebiede.

Ten tyde van die opmetings gaan dit nodig wees om toegang tot persele te verkry sodat sekere noodsaaklike inligting ingewin kan word, waaronder die ligging en diepte van suigtenks en of aansluitings by mangate moontlik is. Werkers wat hierdie deel van die werk gaan behartig, sal herkenbaar wees aan hul geel veiligheidsbaadjies met die naam "Joubert & Brink Surveys" daarop. Hulle sal ook hamers en pikke sowel as meetstawwe byderhand hê wat nodig is om deksels oop te maak en die opmeetwerk mee te doen.

Daar gaan ook van 'n hommeltuig *(drone)* gebruik gemaak word om lugfoto's te neem. Die vlugte in die onderskeie areas behoort een tot twee ure te duur en sal op 'n hoogte van tussen 50 m en 150 m uitgevoer word. Die meeste van die data wat benodig word, sal met behulp van hierdie foto's opgetel word. Slegs kritieke inligting rakende die ligging en diepte van suigtenks en moontlike aansluitings by mangate sal, soos hierbo verduidelik, fisies op persele ingesamel word.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het sy "bladskud"-uitstappies voortgesit met 'n verrassingsbesoek aan die Lombardi-versorgingsentrum in Mount Pleasant.

Jenny Sauls het van dié geleentheid gebruik gemaak om haar kommer oor die perseel se toeganklikheid vir rolstoelgebruikers te lug. Ná 'n vinnige inspeksie het die Burgemeester sy dank teenoor al die personeellede betoon vir die sorg waarmee hulle na bejaardes omsien. Hy was vergesel van onderburgemeester Elnora Gillion en Wyk 4-raadslede Anton Coetsee en Christine May.

Boomplantweek het sommer flink afgeskop met die aanplant van 54 bome in Mountain View, Kleinmond.

Burgemeester Dudley Coetzee het spontaan handjie bygesit om dié area te help verfraai. Saam met hom is die res van die boomplantspan - Wyk 10-raadslid Fanie Krige (links), Wyk 9-raadslid Grant Cohen, voorsitter van die portefeulje gemeenskapsdienste rdl. Arnie Africa en Kleinmond se areabestuurder Desmond Lakey - sowel as Jennifer, 'n huiseienaar.

DINK VOOR JY HUISHOUDELIKE VULLIS STORT

Mense stort toenemend huishoudelike vullis langs asblikke op dorpsgrond en sypaadjies. Huishoudelike vullis word ook dikwels gedurende die week by Hoy se Koppie oorkant Checkers naby die verkeersirkel gestort, moontlik deur mense wat van die parkeerarea gebruik maak. Vullisverwydering vir Eastcliff is geskeduleer vir Vrydae om saam te val met Hermanus Heights, Kwaaiwater en Hawston.

Die munisipaliteit moedig alle inwoners aan om hul woonbuurte skoon en groen te hou en te dink voordat hulle stort.

Onthou dat dit ook onwettig is om bourommel, ou meubels en huishoudelike toestelle langs paaie of op oop erwe te stort.

Lede van die publiek word vriendelik versoek om enige voorval van onwettige storting van huishoudelike vullis of bourommel onmiddellik te rapporteer aan Overstrand se wetstoepassingsafdeling **(028 313 8996)** of aan die 24-uur-beheerkamer **(028 313 8111)**.

So nie, stuur 'n e-pos aan **enquiries@overstrand.gov.za** tesame met die ligging of adres en enige ander inligting wat sal help om die persoon te identifiseer deur wie die vullis gestort is.

Let ook daarop dat wanneer jy onwettige storting rapporteer, jy so veel inligting as moontlik moet verskaf, soos die fisiese adres, registrasienommer/kleur van die voertuig en die tipe afval.

• Onthou, onwettige storting is 'n kriminele oortreding. Skuldige partye sal beboet word.

Naaste weegbrug nou in Caledon

Tot tyd en wyl sal enigeen wat om 'n padwaardigheidsertifikaat wil aansoek doen waar daar vereis word dat 'n herboude, geskrapte of ingevoerde voertuig se tarra (gewig van die voertuig sonder vrag) geverifieer word van die weegbrugfasiliteit gebruik moet maak wat deur Overberg Agri in Caledon bedryf word.

Hierdie situasie het ontstaan as gevolg van die onherstelbare skade wat tydens die onlangse oproerigheid veroorsaak is aan Overstrand se weegbrug wat by die oorlaaistasie in Swartdamweg, Hermanus gehuisves was.

Overstrand se verkeersdepartement doen 'n dringende beroep op alle voertuigeienaars wat, op versoek van die betrokke beampte, hul voertuig se tarra moet verifieer alvorens 'n padwaardigheidsertifikaat uitgereik kan word om gebruik te maak van Overberg Agri se weegbrug geleë in Industrial-straat, Caledon.

Die fasiliteit is oop van Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 - 17:00. Geen afspraak nodig nie.

• Koste wissel van R30 tot R90, na gelang van die gewig van die voertuig.

TJELLIS GAAN BETOWER

Op Sondag 14 Oktober gaan Overstrand Arts/Kunste (OAK) 'n konsert deur die alombekende Suid-Afrikaanse tjellis **Peter Martens** van Stellenbosch aanbied. Hy sal begelei word deur die Amerikaansgebore pianis Bryan Wallick wat tans in Pretoria woonagtig is. Hulle program gaan Bach se tjellosuite no. 3, Beethoven se tjellosonate no. 3 in A-majeur op. 69 en Rachmaninoff se tjellosonate in G-mineur op. 19 insluit.

*Die konsert begin om 15:30 in die Burgersentrum se ouditorium op Hermanus. Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) en is beskikbaar by die toerismekantoor in Mitchellstraat, Hermanus **(028 312 2629)**. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir meer inligting.*